NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
# Die Hervormer
Maart 2026 | Die amptelike mondstuk van die NHKA | Jaargang 118, nommer 9


**Geloofsverklaring 2025 | 3**


**Die NHKA se ekumeniese betrokkenheid | 4-5**


**Maud Lewis: 'n Lewe van liefde, lig en kreatiwiteit | 7**


**Stoepstories | 8**

# Ek preek in my taal




**Ds Mariët Robbertze**

**Toe Afrikaans verlede jaar sy honderdste bestaansjaar gevier het, was ek opreg opgewonde. In my eie gemeente het ons verskeie projekte aangepak om ons moedertaal te eer en te vier. Ons het in ons taal gebak, in ons taal gebrei, en in ons taal gebid. Ons het ons vaders en moeders in ons taal geëer. En vir my, persoonlik, was dit vanselfsprekend: *ek preek in my taal.***

Met hierdie fokus op moedertaal het ek egter opnuut besef hoe diep taal en geloof met mekaar verweef is. My eie geloofsreis het by die aanhoor **van vroue se stemme** begin. Dit was veral my ma en my ouma wat my leer bid het. Dit was hulle wat my op 'n baie vroeë ouderdom geleer het om die Bybel te lees. In hul woorde, dade en lewenswyse – en veral in hul vertelling van Bybelse verhale – het daar in my 'n brandende begeerte ontstaan om eendag self die Woord met ander te deel.

Ek was geseënd om deur stemme, manlik én vroulik, omring te wees, maar dit was veral vroue wat my leer bid het en my taalvaardig gemaak het. My moedertaal het die taal van my hart geword. Nooit het ek gevoel dat ek by die skool, in die kerk of later in my bediening nie met vrymoedigheid my stem mag gebruik om ander van die Here te vertel nie. Hy is immers my rots en my troos. Ek was gelukkig genoeg om nog nooit verhoed te word om in sekere ruimtes van Hom te getuig nie.

En tog weet ek dat dit nie vir alle vroue so is nie. Daar is steeds kerklike groeperinge en teologiese tradisies wat meen dat vroue nie mag preek nie, dat hul stemme beperk moet bly tot die huis, die kategeseklas of die Bybelstudiegroep. Dit is 'n standpunt wat my diep ontstel, nie net as vrou nie, maar as gelowige.

Ek kan eenvoudig nie insien hoe die stem van my graad een-juffrou wat elke oggend die dag met 'n Bybelverhaal begin het, wesenlik anders is as my stem van die preekstoel nie. Ek kan nie verstaan hoe my ouma se stem wat 'n Bybelstorie met gebed afgesluit het, minder waarde sou dra as 'n man se uitleg van dieselfde Woord nie. As God deur húl stemme aan my bekend gemaak is, waarom sou Hy Hom nie ook deur my stem aan ander bekend maak nie?

Wanneer ons vroue se stemme in die kerk stilmaak, ontken ons nie net hul roeping nie, maar ook ons eie geskiedenis. Die Bybel getuig self van vroue wat deur God geroep en gebruik is. **Debora** was 'n rigter en profetes wat Israel in 'n tyd van groot onsekerheid gelei het. **Mirjam** het saam met Moses en Äaron as leiers opgetree. **Hulda**, 'n profetes, is deur 'n koning geraadpleeg oor die wil van God. Hierdie vroue was nie randfigure nie; hulle was sentraal in God se heilsgeskiedenis.

En dan is daar **Rut**, die Moabitiese vrou wat met haar eenvoudige, maar kragtige woorde vir Naomi sê: *U volk is my volk; u God is my God.* Hierdie geloofsbelydenis weerklink al eeue lank in kerke regoor die wêreld. Rut het nie 'n amp beklee nie, maar haar stem dra gesag, omdat dit uit geloof gebore is.

In die Nuwe Testament word hierdie lyn voortgesit. **Maria Magdalena** word deur die opgestane Christus self gestuur om die goeie nuus aan die dissipels te verkondig. Sy word dikwels die *apostel vir die apostels* genoem. As Jesus self 'n vrou kies om die grootste nuus in die geskiedenis te verkondig, op watter grond kan ons vandag sê dat 'n vrou se stem nie van die kansel af gehoor mag word nie?

Wanneer iemand vandag vir 'n vrou sê: *Jy mag nie …* , hoor ek iets anders daaragter: *Jou stem is minder werd.* Maar hoe kan ons 'n stem stilmaak wat God self geroep het? Hoe kan ons die boodskap beperk wat Hy aan iemand toevertrou het, bloot op grond van geslag?

My moedertaal het my geleer dat woorde lewe dra. Dat geloof van stem tot stem en van hart tot hart oorgedra word. My moedertaal is die taal waarin ek liefhet, hoop, bid en glo. Dit is dié taal waarin ek die naaste aan God voel en as God my in hierdie taal geroep het om te verkondig, wie kan daardie roeping ontken?

Geen ruimte – of dit nou 'n kerkgebou, 'n tradisie of 'n kerklike struktuur is – mag ooit die stem stilmaak wat God losgemaak het nie. Die evangelie is nie gebind aan geslag, taal of mensgemaakte grense nie. Dit leef waar mense gehoor gee aan God se roepstem.

So wil ek vandag saam met Rut bely: **As jou God my God is, mag ek ook my stem gebruik soos wat jy jou stem gebruik?** Mag ek ook vertel van God wat vroue bemagtig het, wat hulle geroep en gestuur het om die goeie nuus te bring. God wat nie stilmaak nie, maar bevry. God wat nie uitsluit nie, maar insluit.

(Ds Mariët Robbertze is leraar in Gemeente Kempten)

## Stilstaan-dankbaarheid

**Prof Yolanda Dreyer**

**Oor 2026 kan ek net sê: *Die jaar begin in diepe dankbaarheid.***

In 2025 was dit dankbaarheid-op-'n-drafstap, met hoogtepunte soos die onverwagse geleentheid om iets van kerkwees, teologie en die universiteitswese in postkommunistiese Oos-Europa te ervaar. 'n Volgende was toe my broerskind sy doktorale studie by my voltooi het en die drie week oue nuwe lewetjie saambring na die gradeplegtigheid – my 92-jarige ma se eerste agterkleinkind. 'n Derde was die interessante ander wêreld van die Oos-Kaapse Sinode van die NG Kerk in Gqeberha wat ek kon meemaak.

En toe lees ek oor die Sinode van die Gereformeerde Kerke en hul besluit oor vroue. Dit gebeur met 'n vlugtige gevoel van dankbaarheid dat dit niks met my te doen het nie.

Toe bring Januarie 2026 my tot stilstand.

In die Kaap by my ma kry ek die uitnodiging om die tweede diens in Januarie in die Tygerberg kerk waar te neem. Ek was 'n hoërskoolkind en teenwoordig toe daardie kerkgebou ingewy is. Die voorsitter van die AKV, prof Bart Oberholzer, het vir die geleentheid gekom. Tydens die koffiedrinkery onder in die saal wys my pa na my en sê vir hom: *Sy wil teologie studeer.* Oom Bart antwoord: *Laat sy kom.* Dit was so anders as die afwysende boodskap wat my koshuismaat, Christina Landman, destyds van 'n leier in die NG Kerk gekry het. Gelukkig het die akademie plek vir haar flink verstand gehad. Op 11 Januarie 2026 staan ek weer in daardie einste kerksaal en onthou oom Bart se woorde.

Op 25 Januarie 2026 is dit presies 45 jaar gelede dat ek ná ses jaar se teologiestudie as predikant in die NHKA georden is. Skielik slaan dit my: niks hiervan is vanselfsprekend nie. Was ek in 'n ánder kerk, waar ánder leiers met seggenskap oor mense se lewens en klem op ánder tekste in die Bybel ánder besluite geneem het, sou 'n halwe eeu van my lewe uitgewis gewees het. Dit sou gewoon nie bestaan het nie. Die besef laat my met 'n geskokte stilstaan-dankbaarheid – 'n diepe verwondering dat 'n lewe wat so maklik glad nie kon gewees het nie, tóg was.

Dankie, my kerk, vir 50 jaar van lewe – dat my menswees erken en my roeping gerespekteer is. Dankie, my kerk, vir die keuse van Genesis 1: 27 (AFR83), *... as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het God hulle geskep* en Galasiërs 3: 28 (AFR83), *Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één*, as rigtinggewend vir die besluite van leiers met seggenskap oor ander mense se lewens.
Dankie, my kerk.

(Prof Yolanda Dreyer is emerituspredikant van die Nederlandssprekende Gemeente)

# Álmal ten volle diensbaar



Ds David Barnard

**Die Hebreeuse woord *shema* se betekenis strek veel verder as net *om te hoor. Shema* vra dat ons met volle aandag sal luister, dat ons met begrip sal inneem en dat ons met oorgawe sal reageer. *Hoor* sluit gewoon *doen* in. Wanneer ons dus in Deuteronomium 6: 4 en 5 (AFR83) die opdrag kry om te hoor of te luister, impliseer dit ook dat ek met alles in my sal reageer op die roepstem van die Here. [4]*Luister Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.* [5]*Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.* In die gedeelte wat hierop volg, word dit duidelik dat hierdie *shema/hoor* van God se roepstem vra dat ons met alles wat in ons is, te alle tye, en op alle plekke volledig diensbaar moet wees.**

Daar is talle voorbeelde uit die teologie en kerklike geskiedenis wat hierdie volledige luister na 'n roepstem illustreer.

Vader Frans Claerhout, 'n Belgiese sendeling wat vir die grootste deel van sy hele lewe in Suid-Afrika werksaam was, was ook 'n bekende skilder. Trouens, dit is nie vreemd om in vriende, familie of kennisse se huise te kom en 'n moeder, donkie of die son in 'n kruiwa teen 'n muur te sien hang met sy handtekening wat daarop pryk nie. Claerhout het tydens 'n onderhoud wat in 1999, sewe jaar voor sy afsterwe in 2006, met hom gevoer is, gemeld dat hy beide 'n priester en 'n kunstenaar is, en dat die twee rolle nooit afsonderlik van mekaar gesien moet word nie. Hy was adamant daaroor dat dit nie twee kante van 'n muntstuk is nie, maar eerder een geheel. Hy het genoem dat hy nie 'n gedeelte van sy werksdag afsonder om te skilder nie, of 'n gedeelte van die dag afsonder om kerklike werk te verrig nie. Sy bestaan was gewoon een geheel. Sy skilderye was sy kerkwerk en sy kerkwerk het gemaklik in sy skilderye gevloei.

Claerhout het ter illustrasie hiervan, met die geld wat hy uit sy kuns verdien het na bewering 20 kerkgeboue laat oprig, etlike huise vir families in nood laat bou en agt voertuie gekoop waarmee skoolkinders onder andere vervoer is. Hy het gepoog om die vreugde wat Christus in almal se lewens ingedra het, uit te beeld. Sy kuns was dus 'n gereedskapstuk waarmee hy die Blye Boodskap verkondig het. Sy verkondiging het inhoud aan sy kuns gegee. Claerhout se luister na die roepstem het volledig grondgevat.

Dietrich Bonhoeffer, die Duitse teoloog wat aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog deur die Nazi's tereggestel is, het op soortgelyke wyse van *volledige of heel Christenskap* gepraat. Om gedeeltelik as gelowige te leef, het nie vir hom sin gemaak nie. Bonhoeffer het heelwat hieroor in 'n boek geskryf wat ná sy dood gepubliseer is. Hierdie boek, *Ethik,* is deur 'n redakteur saamgestel uit inligting wat in Bonhoeffer se studeerkamer gevind is.

*Ethik* onderskei tussen vier goddelike *mandate* wanneer dit van geloof praat:

**Werk:** Dit is by uitstek die ruimte waarbinne jy jou gehoorsaamheid en diens sigbaar kan maak. Werk en geloof is nie afsonderlike nisse in jou lewensmuur nie. Jy werk met geloof en is biddend besig met jou alledaagse take.
**Huwelik en familie:** Hierdie verhoudings dien as goddelike roepings om na jou eie mense en wyer na die gemeenskap om te sien. Die gesig wat jou gesin ná 'n dag se werk begroet, is jou geloofsgesig.
**Regering:** Jou geloof en jou verhouding met leierskap behels dat jou hele wese deurgaans streef na reg en geregtigheid en na dit wat vir 'n gemeenskap heilsaam is.

**Kerk:** Dit is nog 'n ruimte of geleentheid waarbinne ons leer hoe om ware volgelinge van Christus te wees.

Bonhoeffer se gees van *wees* in plaas van *bylas* het geloof in voortdurende beweging in alle ruimtes en werklikhede voorgestel.

Die apostel Paulus is waarskynlik die bekendste voorbeeld hiervan. Sy daaglikse brood wat met tentmakery te make gehad het, was deel van sy menswees en deel van sy soeke na God, en verhouding met God.

Dit wil soms vir my voorkom asof die politiek van die dag, en hartseer genoeg ook kerklike politiek, die gees en taal by werksplekke, die atmosfeer en nonchalante omgang met mekaar in huishoudings en les bes die vroomheid binne kerkgeboue té dikwels ons menswees in kleiner deeltjies opbreek. Skynbaar glo heelparty individue dat vreemde politiek vreemde optrede regverdig, optrede buite die grense van ons Heer se liefdesgebod. Laat sak jou geloofskerm maar by die huis, want hier kan die *ware ek* leef en die *ware ek* lyk anders as die *Sondag-ek*. My werksplek is 'n ruimte waar vreemde, liefdelose gedrag geduld kan word, want die besigheidwêreld is immers 'n harde wêreld.

Ek is 'n skilder én 'n priester, 'n apostel én 'n tentmaker. Ten volle vir die Here beskikbaar – áltyd en binne elke ruimte.

Hoe tragies dat kerke, soos onlangs, só remmend in hul besluitneming is dat *shema* slegs selektief vir sommige in sekere ruimtes geld.

## Uit die Woord

**U bitter lyding**

*"Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe: Hy is sagmoedig en Hy sit op 'n donkie, en op 'n jong donkie, die vul van 'n pakdier."*

Ons aanbid U, Jesus, Heer.
Ons besing u heil'ge Naam.
Deur al u bitter lyding
gee U ons bevryding.
Deur al u bitter lyding
gee U ons bevryding.

(VONKK 28)

## Oordenking

# Die pad van die kruis en die oorwinning van die lewe

Ds Anneline Geyer (Kempton Park-Oos)

**Lees: Filippense 2: 7b-9 (AFR83)**

***En toe Hy as mens verskyn het, [8]het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. [9]Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is …***

In 'n wêreld wat vinnig beweeg, waar pyn dikwels vermy word en lyding as sinloos beskou word, kan die vraag met reg gevra word: **Waarom vier ons nog Lydenstyd en Paasfees?** Is dit bloot 'n kerklike tradisie of het dit werklik betekenis vir die mens van vandag?

Lydenstyd is die veertig dae voor Paasfees waartydens die kerk doelbewus stil word voor God. Dit is 'n tyd van selfondersoek, bekering en verdieping van geloof. Die fokus val op Jesus Christus se pad van gehoorsaamheid, lyding en sy uiteindelike kruisiging. Hierdie tyd herinner ons daaraan dat God nie ver van menslike pyn af staan nie. Inteendeel, in Christus tree God die werklikheid van lyding binne. Dietrich Bonhoeffer skryf: *Only a suffering God can help.* In Lydenstyd word ons herinner dat God se betrokkenheid by die wêreld nie oppervlakkig is nie, maar tot in die diepte van menslike nood strek.

Ons leef in 'n kultuur wat sukses, krag en selfvervulling verheerlik. Die kruis staan egter skerp hierteenoor. Die kruis ontmasker ons magsdrome en selfgerigtheid. Dit nooi ons om eerlik na onsself te kyk: Waar leef ons weg van God? Waar dra ons by tot gebrokenheid – in verhoudings, gemeenskappe en strukture? Lydenstyd help ons om weer te leer wat dit beteken om Jesus te volg – nie net in woorde nie, maar in 'n lewe van liefde, diens en opoffering.

Paasfees kan egter nie van Lydenstyd losgemaak word nie. Sonder die kruis is die opstanding goedkoop; sonder die opstanding is die kruis net nog 'n tragedie. Paasfees verkondig die hart van die Christelike geloof: **God het die dood oorwin.** Die graf is leeg. Die laaste woord behoort nie aan sonde, pyn of dood nie, maar aan die lewe.

Waarom vier ons dit nog? Omdat die Paasboodskap radikaal relevant bly. In 'n wêreld vol oorlog, onreg, siekte en verlies verkondig Paasfees 'n hoop wat nie gebaseer is op menslike optimisme nie, maar op God se daad in Christus. NT Wright beskryf die opstanding as God se bevestiging dat sy nuwe skepping reeds begin het. Paasfees roep gelowiges om as mense van die opstanding te leef – mense wat hoop dra, versoening soek en tekens van nuwe lewe sigbaar maak.

Lydenstyd en Paasfees help ons om die volle verhaal van God se liefde te onthou: 'n liefde wat bereid is om te ly, en 'n liefde wat sterker is as die dood. In hierdie feesseisoen word ons uitgenooi om onsself weer onder die kruis en voor die leë graf te plaas – en daar ons identiteit, hoop en roeping nuut te ontdek. In Christus sien ons hoe ver God bereid is om te gaan om die mens te red.

Maar die kruis is nie die einde van die verhaal nie. Paasfees bevestig dat gehoorsaamheid en liefde nooit tevergeefs is nie. God verander die simbool van die dood in 'n teken van lewe. Die Een wat verneder is, word verhef.

Hierin lê ons hoop ook: God werk steeds deur swakheid, opoffering en geloof. Wanneer ons Christus volg, leef ons in die wete dat die opstanding die laaste woord het. Daarom kan ons met hoop leef – selfs in tye van lyding.

# Geloofsverklaring 2025 – 'n Getuienis en wekroep tot geloof

Prof Wim Dreyer

**Die 74ste Algemene Kerkvergadering (AKV) van die Hervormde Kerk wat in Oktober 2025 in Midstream vergader het, het 'n Geloofsverklaring as getuienis teenoor die owerheid en al die inwoners van Suid-Afrika uitgereik. Dit dien ook as riglyn vir die Kerk se verstaan van ons roeping, dienswerk, teologiese arbeid en verkondiging.**



Die AKV het deur middel van dié *Geloofsverklaring* getuig van die hoop wat in ons leef en die inwoners van Suid-Afrika tot bekering en geloof in God Drie-enig opgeroep.

Die AKV wou ook met die *Geloofsverklaring* die Hervormde Kerk se besorgdheid en bekommernis verwoord, veral ten opsigte van die volgende sake:

- Die groeiende ekologiese krisis;
- Oorloë wat in verskillende kontinente woed en dreig om wêreldwyd te eskaleer;
- Geweldsmisdaad in Suid-Afrika, veral teenoor vroue en kinders, ook op plase en in arm gemeenskappe;
- Armoede en werkloosheid in Suid-Afrika en die res van die wêreld;
- Korrupsie en wanbestuur in staatsinstellings wat die lewenskwaliteit en werksgeleenthede van die burgers van Suid-Afrika bedreig;
- Dwaalleer wat deur sogenaamde godsdienstige leiers en kerke verkondig word, die misbruik van die evangelie ter wille van selfverryking, politieke invloed en kerke se legitimering van politieke ideologie;
- Sekularisering van die samelewing en denke wat gelowiges verwar en die bestaan van God betwyfel.

Teen hierdie agtergrond het die AKV dit nodig gevind om ses stellings te formuleer wat ons geloof in die konteks van die 21ste eeu verwoord.

Die ses stellings sal kortliks bespreek word – die eerste twee in hierdie uitgawe van *Die Hervormer* en die ander in volgende uitgawes.

**Stelling 1: Die Woord van God**

*Jesus Christus, volgens die Heilige Skrif, is die unieke Woord van God na wie ons luister, by wie ons leer, aan wie ons gehoorsaamheid verskuldig is en op wie ons in lewe en sterwe vertrou. Daar is geen ander bron vir die geloof en verkondiging buite en benewens die Woord van God nie.*

Stelling 1 verwoord iets van die Hervormde Kerk se verstaan van die Woord van God soos dit reeds deur die 73ste AKV (2022) geformuleer is. Tydens daardie AKV is konsensus bereik oor die begrip *Woord van God*.

Ons is eerstens daarvan oortuig dat wanneer God spreek, daar iets gebeur. In Genesis 1 leer ons dat God se Woord skeppingsmagtig is.

Ons is verder daarvan oortuig dat God Homself deur die Woord bekend maak. God maak van profete en apostels en ander mense gebruik om die Woord te verkondig. Dit is ook die roeping en verantwoordelikheid van die Kerk om God se Woord te verkondig. Die belangrikste van alles is dat God in en deur Jesus Christus sigbaar tussen mense kom woon het. Daarom is Jesus Christus die Woord wat mens geword het (Joh 1: 1).

Ons moet in die Woord van God drie sake onderskei: die geskrewe Woord (die Bybel), die verkondigde Woord, maar veral die vleesgeworde Woord (Jesus Christus). Hierdie drie kan nie van mekaar geskei word nie, maar kan van mekaar onderskei word. Dit is soortgelyk aan ons verstaan van God: God die Vader, Seun en Heilige Gees kan onderskei word, maar nie geskei word nie. Daar is immers net één God soos daar net één Woord is.

Die *Woord van God* is dus nie beperk tot die geskrewe tekste of Bybelboeke nie, maar verwys eerder na *Woordgebeure*, waardeur God Homself aktief aan mense bekend maak as 'n daad van selfopenbaring. God se Woord gebeur voortdurend: God se Woord het deur die profete en apostels gekom, het in Jesus Christus hoorbaar en sigbaar geword, maar gebeur telkens weer wanneer hierdie Woord onder leiding van die Heilige Gees gepreek, gehoor en geglo word. Die feit dat God se Woord dinamies, beweeglik en kragtig werk, is op verskillende maniere deur reformatoriese teoloë soos Luther, Bullinger en Barth geformuleer.

Só 'n verstaan van God se Woord impliseer dat die Woord nie uit 'n geslote sisteem of proposisies bestaan nie, maar telkens weer gebeur. Die Bybel word keer op keer die Woord van God wanneer die Heilige Gees ons daarvan oortuig dat die Bybel God se Woord is en God aan ons openbaar. Die Woord van God kan nie op 'n fundamentalistiese wyse gereduseer word tot 'n enkele teksvers wat kategories ewige uitsprake oor God en die wil van God maak nie. So gesien is elke erediens, waar die Woord van God gelees, verkondig en geglo word 'n Woordgebeure waardeur God mense aanspreek en tot geloof bring.

Dit is hierdie verstaan van die Woord van God, soos geformuleer deur die 73ste AKV, wat die agtergrond vir Stelling 1 van die *Geloofsverklaring* bied:

> *Jesus Christus, volgens die Heilige Skrif, is die unieke Woord van God na wie ons luister, by wie ons leer, aan wie ons gehoorsaamheid verskuldig is en op wie ons in lewe en sterwe vertrou. Daar is geen ander bron vir die geloof en verkondiging buite en benewens die Woord van God nie.*

Daarmee het die AKV en die Hervormde Kerk onomwonde getuig dat daar geen ander bron vir ons geloof en verkondiging bestaan as God se Woord nie, en dat die kern daarvan God se selfopenbaring in en deur Jesus Christus is. Daarom wil ons as Kerk na Jesus Christus luister, by Hom leer en wil ons Hom in alles volg. In lewe en in sterwe vertrou ons op God en vind ons troos in die evangelie van Jesus Christus.

**Stelling 2: God se koninkryk**

*In en deur Jesus Christus maak God aanspraak op ons hele lewe. In en deur Jesus Christus ervaar ons 'n vreugdevolle bevryding van die bande waarmee die wêreld ons bind, sodat ons in vryheid diensbaar kan wees aan God, aan mekaar en God se mense. In en deur Jesus Christus skenk God uit louter genade aan ons vergifnis, en maak God ons deel van sy Koninkryk. Daar is geen deel van ons lewe wat nie onder die heerskappy van Jesus Christus staan nie.*

Vir baie Christene is die koninkryk van God 'n vae en abstrakte begrip met min betekenis vir ons alledaagse lewe. Sommige mense dink God se koninkryk bestaan net in die hemel en het net betekenis vir die lewe na die dood wanneer ons by God is. Jesus leer ons iets anders. Jesus leer ons bid: *Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel* (Matt 6: 10, AFR83). God se koninkryk is nie net iets vir die hiernamaals nie, maar dit bestaan reeds hier en nou. Dit is 'n werklikheid.

Sommige dink dat die Kerk bydra tot God se koninkryk en die uitbreiding daarvan. Ons hoor so dikwels dat ons as gelowiges, of die Kerk, of een of ander organisasie moet bydra tot die vestiging en uitbreiding van God se koninkryk. Jesus kondig aan: Die koninkryk van God is hier! Dit het reeds gebeur en gebeur steeds sonder die inset van enige mens. Die koninkryk van God bestaan omdat God dit self tot stand gebring het deur die dood en opstanding van Christus. God self laat sy koninkryk uitbrei deur die werking van God se Gees in mense se harte. Ons as Christene, ons as Hervormde Kerk, kan maar net getuig dat God se koninkryk 'n werklikheid is en dat God self sy koninkryk in stand hou en laat voortgaan.

God se koninkryk kom nie met trompetgeskal nie, maar in nederigheid. Jesus word in 'n stal gebore; is deur mense verag, verneder en verraai. God se koninkryk word op die vreemdste manier denkbaar sigbaar wanneer die timmerman van Nasaret aan die kruis sterf. En tog – bokant sy kop aan die kruis is die kennisgewing vasgespyker: *Die Koning van die Jode*. Jesus as gekruisigde Koning laat ons besef: God se koninkryk word nie sigbaar in die moderne katedrale wat ons oprig nie, maar in die eenvoudige geloof van 'n kind; in die bewerige stem van 'n oumens wat bid; in klein groepies mense wat saam bely dat Jesus die Here is! In God se koninkryk bid jy selfs vir jou vyand, draai jy die ander wang. Ons wat deel is van God se koninkryk, bely: Jesus is die Vredevors. God se koninkryk is die ruimte waar swaarde en spiese gesmelt word om ploegskare te maak (Miga 3: 4 en 5). Daarom het die engele met Jesus se geboorte gesing: *Vrede op aarde!* (Luk 2: 14).

Met Stelling 2 het die *Geloofsverklaring* die koninkryk van God as kernbeginsel van ons geloof en kerkwees verwoord. Die Hervormde Kerk se roeping en opdrag is om met woord en daad te getuig dat God se koninkryk in en deur Jesus Christus 'n werklikheid geword het en steeds is, en dat ons ons hele lewe onder sy heerskappy stel. Alles wat die Kerk doen en sê moet in gehoorsaamheid aan Christus gedoen en gesê word.

In 'n volgende aflewering sal aandag aan die volgende stellings van die *Geloofsverklaring* gegee word.

(Prof Wim Dreyer is emerituspredikant en leraar by Gemeente Outeniqua)

# Die NHKA se ekumeniese betrokkenheid as reformatoriese getuienis




Die vergadering in sitting met die nuutverkose voorsitter wat verslag lewer

Dr Marina Kok-Pretorius

**Die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK) se 27ste Algemene Vergadering (AV) het op 14 tot 23 Oktober 2025 in Chiang Mai, Thailand, plaasgevind. Die NHKA was bevoorreg om 'n afvaardiging te kon stuur om aan hierdie ekumeniese vergadering deel te neem. Drr Wouter van Wyk, Marina Kok-Pretorius en mnr Johan Hattingh het die NHKA by die vergadering verteenwoordig.**

***Volhard in jou getuienis* – 'n boodskap van hoop en bemoediging**

Die tema van die AV is uit Hebreërs 12: 1-3 geneem met die fokus op vers 1: *Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het … laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop…* (AFR83). Dit het van die begin van die vergadering af geblyk dat hierdie tema uiters relevant is vir die tyd en omstandighede waarin die AV byeenkom.

In die afgelope agt jaar sedert die vorige AV het verskeie dinge in die wêreld gebeur en verander. Ons kan maar net dink aan die langdurige impak van die Covid-pandemie, verskeie oorloë en konflikte wat oor die wêreld woed, die opkoms van kunsmatige intelligensie, politieke populisme, ekologiese uitdagings en die voortgaande vlugtelingkrisisse. Die AV het melding gemaak van hierdie en ander uitdagings wat lidkerke in hul plaaslike kontekste in die gesig staar.

Binne hierdie klimaat het die inhoud van die vergadering, die daaglikse openinge en Bybelstudies sowel as die gesamentlike eredienste getuig van die kerk se roeping om 'n profetiese stem te wees wat voortgaan om die evangelie onverskrokke in die tyd en ruimtes waarin ons kerk moet wees, verkondig. Hoewel die lys van uitdagings wat lidkerke regoor die wêreld beleef oorweldigend is, het die vergadering nietemin met hoop en moed uitmekaargegaan. Almal was vasbeslote om deel te neem aan dit waarmee God reeds in die wêreld besig is, naamlik *missio Dei*.

**Die dinamika en struktuur van die AV van die WGGK**

Die inrigting van die AV was van so aard dat daar op verskeie vlakke sinvol aan die vergadering deelgeneem kon word.

Die eerste twee dae van die vergadering het uit spesifieke werkswinkels bestaan waar daar ruimte vir toeligting en gesprek oor bepaalde sake was. Daar was onder andere 'n jeugkonferensie, 'n vrouekonferensie, en werkswinkels oor ekonomiese en ekologiese geregtigheid, sinodale funksionering asook oor mense wat met gestremdhede leef.

Vanuit hierdie werkswinkels het bepaalde voorstelle gevloei wat aan die AV voorgelê is. Nadat die AV na voorstelle en verslae geluister het, is die voorstelle en verslae na die verskeie onderskeidingsgroepe (*discernment groups*) gestuur vir evaluering en amendemente. Die voorgestelde amendemente wat vanuit die kleingroepe gekom het, is deur die formuleringskomitee oorweeg wat die geredigeerde voorstelle weer aan die AV voorgelê het vir oorweging en finale besluit via 'n konsensusstelsel.

Hierdie struktuur van luister, onderskeiding en konsensus het geleentheid gebied vir afgevaardigdes om nie net in die groot vergadering deel te neem nie, maar om ook in kleingroepverband intensief gesprek te voer oor die teologiese en praktiese implikasies van voorstelle. Hierdie proses was egter nie volmaak nie, in ag genome dat die omvang van die vergadering dit bemoeilik het om elke afgevaardigde tevrede te stel. Tog het die struktuur ruimte geskep vir 'n dinamika waar verskeie – dikwels teenoorstaande – stemme gehoor kon word.

***Om hervormd te wees, is om ekumenies te wees***

Só lui die verslag van die uittredende voorsitter van die WGGK, ds Najla Kassab. Reformatoriese kerke is van die begin van hul geskiedenis af deur hul onderlinge verbintenis met mekaar gekenmerk. Histories gesproke is die reformasie 'n beweging wat regoor Europa plaasgevind het en die verskeie reformatore, soos Luther, Zwingli en Calvyn, was self voortdurend in gesprek met mekaar. Daarom kan kerke in die reformatoriese tradisie nie in isolasie leef en bestaan nie. Vanuit ons reformatoriese wortels is ons geroep om ons getuienis van die evangelie uit te leef, om dit verantwoordbaar en verantwoordelik te doen en om die vryheid van spraak te hê om ons profetiese stem te laat hoor.

Daarom is ekumeniese deelname en betrokkenheid ononderhandelbaar. Om lidkerk van 'n ekumeniese liggaam soos die WGGK te wees, verseker dat die NHKA op hoogte van diskoerse en uitdagings bly wat kerke binne die reformatoriese tradisie regoor die wêreld raak. Hoewel ons oor teologiese perspektiewe kan verskil, bied 'n ekumeniese liggaam soos die WGGK die geleentheid vir die NHKA om haarself deurentyd krities teenoor die groter diskoerse in die teologiese en kerklike landskap te verantwoord. Terselfdertyd bied geleenthede soos die AV van die WGGK 'n platform waar die NHKA se unieke stem gehoor kan word en waar ons vanuit ons tradisie en geskiedenis krities-teologiese bydraes kan lewer. Die verkiesing van dr Wouter van Wyk as lid van die Uitvoerende Komitee van die WGGK getuig hiervan. Buiten die verkiesing van 'n Uitvoerende Komitee, is 'n nuwe voorsitter verkies. Dr Karen Georgia Thompson van die VSA is as voorsitter vir die volgende sewe jaar verkies. Ons wens die nuwe leierskap sterkte toe met hul taak!

**Die waarde van ekumeniese deelname en betrokkenheid**

Die bywoning van en deelname aan die AV van die WGGK is 'n verrykende ervaring op verskeie vlakke. Die vergadering het nie net gesprekke oor kritiese kwessies gestimuleer nie, maar het ook geleentheid vir interaksie met gelowiges – predikante, kerkraadslede en lidmate – vanuit die reformatoriese tradisie van regoor die wêreld gebied.

Die grootste waarde van die deelvorming van so 'n ekumeniese liggaam lê dalk juis eerder in die kontak en verhoudings wat met medegelowiges vanuit verskeie kontekste gebou word. Om saam rondom 'n tafel te sit, gedagtes te verwissel, teologiese gesprekke te voer en in die geloof te worstel, vestig 'n onderlinge band wat ons volharding in die geloof en ons reformatoriese identiteit onderskryf. Vanuit ons gedeelde ervaringe groei uiteindelik ook ons gedeelde getuienis.

(Dr Marina Kok-Pretorius is leraar by Gemeente Potchefstroom en dosent by die Hervormde Teologiese Kollege)



Die uittredende voorsitter, ds Najla Kassab, tydens een van die sittings



’n Uitstalling op pad na die vergadersaal


Afgevaardigdes van die NHKA



Die ingangsportaal by die vergadersaal


Die vergadering het besprekings in onderskeidingsgroepe gevoer


Dr Wouter van Wyk is vanuit die Afrika-streek as lid van die Uitvoerende Komitee verkies


Die First Church in Chiang Mai waar afgevaardigdes ’n vergadering bygewoon het


Afgevaardigdes het besoeke gebring by verskeie projekte in Thailand, onder andere projekte om die reënwoude volhoubaar te onderhou


Die First Church in Chiang Mai waar afgevaardigdes ’n vergadering bygewoon het



Die First Church in Chiang Mai waar afgevaardigdes ’n vergadering bygewoon het



Afgevaardigdes van die NHKA en NGK by die vergadering

# Geloof, gereedskap en die algoritme: ’n Teologiese perspektief op kunsmatige intelligensie

Dr Deon du Toit

**In kerklike wandelgange en in die konsistorie word daar deesdae saggies – en soms benoud – gefluister oor kunsmatige intelligensie (KI). Vir baie lidmate en predikante roep die term beelde op van wetenskapfiksie-rolprente waar masjiene die wêreld oorneem. Daar is ’n vrees vir die onbekende: Gaan rekenaars ons preke skryf? Gaan die menslike element uit pastorale sorg verdwyn?**

Dit is egter nodig dat ons verby die vrees en die *hype* kyk. As gereformeerde gelowiges moet ons vra: Wat is hierdie nuwe verskynsel, en hoe pas dit in by ons roeping as rentmeesters van God se skepping?

**Ons vorm ons gereedskap, en daarna vorm dit ons**
Daar is ’n diep waarheid in die woorde wat aan die mediataalkenner Marshall McLuhan toegeskryf word: *We shape our tools and thereafter they shape us.*

Dink aan die uitvinding van die boekdrukkuns. Dit was aanvanklik ’n blote stuk tegnologie, ’n instrument. Maar daardie instrument het die Reformasie moontlik gemaak en die Bybel in die volkstaal bevorder. Dit het verander *hoe* ons glo en *hoe* ons kerkwees verstaan. Die hamer vorm die hand wat hom vashou; die slimfoon verander die manier waarop ons aandag gee.

KI is in hierdie sin nie ’n vreemde indringer nie, maar die nuutste in ’n lang ry van menslike uitvindings. Dit is deel van die kultuuropdrag in Genesis 1: 28 – die mens se vermoë om orde uit chaos te skep. Maar juis omdat gereedskap ons *vorm*, is die etiese vraagstuk rondom KI die belangrikste gesprek wat ons tans kan voer. As ons KI as ’n afgod sien, vorm dit ons in luiheid. As ons dit as ’n bedreiging sien, vorm dit ons in vrees. Maar as ons dit as ’n instrument in diens van die Koninkryk sien, kan dit ons vorm in groter effektiwiteit en diensbaarheid.

**Van tikmasjien tot taalmodel: Die MS Word-analogie**
Wanneer ek vandag my rekenaar oopmaak om ’n preek te skryf, gebruik ek sagteware soos Microsoft Word. Indien ek ’n spelfout maak, trek die rekenaar ’n rooi strepie. As ek ’n beter woord soek, gebruik ek die tesourus-funksie. Niemand in die kerk sal my daarvan beskuldig dat ek oneties optree of dat die rekenaar my preek skryf nie. Ons aanvaar dit as ’n hulpmiddel wat kommunikasie verbeter.

Dieselfde geld vir PowerPoint. Ons gebruik dit om die boodskap visueel te versterk. As daar egter ’n feitefout op die skyfie is, kan ek nie die projektor blameer nie.

Ons moet KI op dieselfde manier sien. Dit is nie ’n towenaar nie; dit is ’n uiters gesofistikeerde weergawe van die rooi strepie in MS Word. Dit kan data verwerk, taal struktureer en patrone vinniger herken as enige mens. Die etiese vraag lê nie in die *gebruik* van die programmatuur nie, maar in die *hart* van die gebruiker.

**Die etiek van eienaarskap**
Die kern van die etiese debat gaan oor verantwoordbaarheid. Ek het onlangs na ’n spreker geluister wat die standpunt gestel het: As jy KI as ’n assistent gebruik, kan jy nooit sê: *Die KI het dit vir my gemaak* nie. Jy moet volle eienaarskap neem van die resultaat.

In die bediening beteken dit: As ek KI gebruik om my te help met eksegese of navorsing, bly *ek* die predikant. Die oomblik wat ek daardie inhoud aan die gemeente voorhou, word dit *my* woorde. Ek moet pa staan vir die waarheid daarvan. Om KI te gebruik om luiheid te masker, is bedrog. Maar om KI te gebruik om jou tyd en talente te vermenigvuldig sodat jy beter aandag aan jou kudde kan gee? Dít is rentmeesterskap.

**Innovasie in die NHKA: Van teorie tot praktyk**
Hierdie filosofie van *verantwoordelike rentmeesterskap* is nie net teorie nie; dit word reeds binne die NHKA prakties uitgeleef deur die SGB se portefeulje vir Innovasie in Bediening.

Hierdie portefeulje wat tans uit myself, ds Andre Swanepoel (Gemeente Derde Kruis) en oudl Wykus Louw (Gemeente Witfield) bestaan, werk vanuit ’n spesifieke vertrekpunt: Ons begin by die behoeftes wat in die bediening bestaan, en soek




dan na maniere om gereedskap met KI te skep wat daardie behoefte kan aanspreek.

Die vrug van hierdie werk is reeds sigbaar op die platform **dramekaarselaste.co.za**:

1. **Preekhulp en navorsing:** Ds Swanepoel het ’n diepgaande toepassing ontwikkel wat as ’n navorsingsassistent dien vir die saamstel van teologies en hermeneuties verantwoordbare preke. Dit is nie ’n *preek-generator* wat die predikant vervang nie, maar ’n *eksegetiese vennoot* wat die predikant bemagtig. Hierdie module word binnekort as ’n onderafdeling van die DraMekaarSeLaste-platform geïntegreer.
2. **Geloofsonderrig:** In samewerking met die werkgroep vir Jeugbediening, en met die hulp van ’n groep van tien vrywilligers vanuit die 74ste AKV, is ’n nuwe model vir geloofsonderrig ontwikkel wat reeds op DraMekaarSeLaste beskikbaar is.
3. **Opleiding en toerusting:** Oudl Louw speel ’n sleutelrol as toetser en bouer van e-leerkursusse. Ons het reeds gereedskap geskep vir gemeentelike pastorale sorg, sowel as toerusting vir kinders, ouers en kerkrade.
4. **Administrasie en uitreik:** Die platform bied nou selfs ’n aanlyn verkoopswinkel (e-handel) vir gemeentes, sowel as begeleiding vir missionale uitreik na gemeenskappe.
5. **Die doel is eenvoudig:** Die tegnologie moet die hande van die kerk sterker maak om die laste van die wêreld te dra (Gal 6: 2).

**Virtualiteit en ekklesiologie: Is aanlyn *eg*?**
Om die rol van KI en digitale platforms soos DraMekaarSeLaste reg te verstaan, moet ons ’n belangrike teologiese wanopvatting uit die weg ruim: die idee dat die *virtuele* wêreld *vals* is en die fisiese wêreld *eg* is.

In my navorsing wat in *HTS Teologiese Studies* gepubliseer is, het ek die verhouding tussen virtualiteit en ekklesiologie (ons leer oor die kerk) ondersoek. Ons maak dikwels die fout om te dink *virtueel* beteken *denkbeeldig*. Maar die woord kom van die Latynse *virtus*, wat krag of potensiaal beteken.

Die kerk se wese lê nie in bakstene of kerkbanke nie, maar in die *koinonia* – die gemeenskap van gelowiges wat deur die Gees aan mekaar gebind is. Hierdie gemeenskap kan haarself op verskillende maniere manifesteer. Wanneer KI ons help om ’n stelsel te bou wat ’n siek lidmaat identifiseer en die kerkraad in kennis stel, vind daardie proses in die *virtuele* ruimte (die wolk/rekenaar) plaas. Maar die *effek* daarvan is werklik. Die liefde wat betoon word, is werklik.

KI en digitale platforms skep ’n *ruimte* vir die kerk om te funksioneer. Dit vervang nie die fisiese samekoms nie, maar dit versterk die netwerk van verhoudings wat die kerk is. As ons ekklesiologie slegs beperk tot dit wat Sondagoggend in ’n gebou gebeur, mis ons die geleentheid wat tegnologie bied om die kerk te wees in die alledaagse lewe van mense. KI help ons om die *virtuele potensiaal* van die gemeente te omskep in *werklike daadkrag*. Die vraag is dus nie of ’n digitale hulpmiddel *teologies geldig* is nie, maar of dit die gemeente help om haar roeping in die wêreld beter uit te leef.

**Inkarnasie versus simulasie**
Ten slotte moet ons onthou dat KI in die wêreld van simulasie funksioneer, terwyl die kerk in die wêreld van inkarnasie leef. ’n Rekenaar kan ’n gebed genereer, maar dit kan nie bid nie. Dit het geen siel nie. Pastorale sorg is ten diepste ’n geïnkarneerde aksie – dit vereis ’n mens, ’n liggaam en ’n hart. Daarom sal KI nooit die predikant of die kerkraad vervang nie.

**Praktiese wenke vir die gebruik van KI**
Vir diegene wat nuuskierig is om die waters te toets, hier is ’n paar riglyne:

- **Leer en luister:** Ek het reeds ’n aanlyn kursus in *KI in Bediening* aangebied wat beskikbaar is in DraMekaarSeLaste se Geloofsgroei Akademie. Dit is ’n goeie wegspringplek.
- **Privaatheid eerste:** Die goue reël van KI is vertroulikheid. Moet nooit persoonlike inligting (name, adresse, sielsorgbesonderhede) van lidmate in ’n openbare KI-platform soos ChatGPT tik nie.
- **Sluit aan by die gesprek:** Soek na forums en gespreksgroepe oor die gebruik van KI in opleiding en bediening. Moenie in isolasie werk nie.
- **Verifieer alles:** Onthou, KI kan *hallusineer* (feite opmaak). Behandel die uitset soos die werk van ’n ywerige maar onervare student – kontroleer elke teksverwysing en feit.
- **Begin klein:** Gebruik KI eers vir administrasie (e-poskonsepte, speltoetsing, idees vir ysbrekers) voordat jy dit vir meer komplekse teologiese take inspan.


Enige iemand wat deel wil wees van hierdie opwindende ontwikkelingsprojekte of meer wil weet, is welkom om my te kontak by deon7373@gmail.com. Kom ons wees nie bang vir die gereedskap nie. Kom ons vorm dit, sodat dit ons kan help om die kerk te vorm wat die wêreld nodig het.

(Dr Deon du Toit is leraar in Gemeente Pierneef en dosent by die Hervormde Teologiese Kollege)


# Maud Lewis: 'n Lewe van liefde, lig en kreatiwiteit


Maud Lewis


Binnekant van Maud se huis


Binnekant van Maud se huis


Maud en haar man voor hul huis


Nellie van der Merwe

**Ds Mariët Robbertze**

**My ma, Nellie, sou op 6 Augustus 2025 100 jaar oud gewees het. Sy is in 1996, op die ouderdom van 71, oorlede. Almal wat haar geken het, sal onthou hoe mense dikwels opgemerk het hoe besonder mooi haar hare was. Dit was iets waarvoor sy bekend was, iets wat deel van haar identiteit geword het. Wat mense egter nooit kon miskyk nie, was hoe rumatoïede artritis haar liggaam – en veral haar hande – stadig maar seker misvorm het.**

Die pyn en die misvorming van haar hande het uiteindelik daartoe gelei dat sy haar geliefde hare moes kortknip, omdat sy dit nie meer self kon versorg nie. Haar handwerk, soos borduur- en breiwerk – dinge waarin sy groot vreugde gevind het – moes sy noodgedwonge laat vaar. Tog het sy nooit haar waardigheid of haar liefde vir die lewe verloor nie. Hierdie persoonlike herinneringe het weer by my opgekom toe ek gedurende die Desembervakansie op die Facebook-blad *Women in Art* gelees het oor die kunstenaar Maud Lewis.

In die klein dorpie Marshalltown in Nova Scotia, Kanada, het 'n buitengewone vrou gewoon wie se lewe en kuns vandag nog mense diep raak. Maud Kathleen Lewis, gebore Dowley op 7 Maart 1903, het tot haar dood op 30 Julie 1970 'n lewe van groot eenvoud, swaarkry en fisiese beperkinge gelei. Tog het hierdie omstandighede nooit haar kreatiewe gees gedemp nie. Inteendeel, haar kuns het juis uit haar beperkinge gegroei en 'n unieke visuele taal ontwikkel wat steeds aanklank vind.

Van kleins af het Maud met jeugrumatoïede artritis gesukkel – 'n siekte wat haar skouers kromgetrek en haar hande ernstig misvorm het. Hierdie toestand het haar bewegings beperk en haar daaglikse lewe bemoeilik. Op veertienjarige ouderdom moes sy die skool verlaat, deels weens die pyn wat sy daagliks verduur het, maar ook omdat sy dikwels die teiken van spot en onbegrip was. Tog het sy, ondanks hierdie terugslae, nooit toegelaat dat haar gestremdheid haar innerlike wêreld vernietig nie.

Dit is juis hierdie teenstelling – 'n gebroke liggaam en 'n skeppende, kreatiewe gees daarin – wat Maud Lewis se verhaal so aangrypend maak. Vir gelowiges is haar lewe 'n duidelike voorbeeld van hoe God se krag juis in menslike swakheid sigbaar word. Die woorde uit 2 Korintiërs 12: 9 (AFR83), *My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is ...*, vind 'n tasbare uitdrukking in haar lewenspad en kuns.

Na die afsterwe van haar ouers in die 1930's het Maud vir 'n tyd lank by familielede gewoon. Daar is sy egter ontmoedig om te skilder – iets wat vir haar 'n bron van vreugde en selfuitdrukking was. Haar lewe het 'n wending geneem toe sy 'n advertensie raakgesien het waarin 'n visverkoper, Everett Lewis, iemand gesoek het om huishoudelike werk te verrig. Maud het die lang pad te voet aangedurf om hom te ontmoet, en kort daarna is hulle getroud.

Die egpaar het in 'n baie klein huisie gewoon, sonder elektrisiteit of lopende water. Dit was 'n lewe van uiterste eenvoud, maar ook een waarin Maud se kreatiwiteit vrye teuels gekry het. In hierdie nederige ruimte het sy begin skilder op alles wat sy in die hande kon kry – houtplanke, karton, blikhouers en uiteindelik selfs die mure, deure en meubels van haar huis. Haar huis het 'n kunswerk op sigself geword, 'n plek waar kleur en vreugde die swaar werklikheid verlig het.

Aanvanklik het Maud klein Kerskaartjies geskilder en dit vir 'n paar sent verkoop. Haar styl was eenvoudig, sonder tegniese detail, maar dit was eerlik, opreg en deurtrek van lewensvreugde. Haar skilderye van katte, ossewaens, blomme, voëls en wintertonele getuig van 'n diep waardering vir die alledaagse skoonheid van die skepping. Dit was kuns wat nie wou beïndruk nie, maar wou bemoedig.

Maud Lewis het geen formele kunsopleiding ontvang nie. Haar talent was aangebore en haar styl spontaan. Sy het eenkeer gesê dat solank sy 'n verfkwas in haar hand het, dit goed met haar gaan. Hierdie eenvoudige woorde verklap iets van haar geloof en lewenshouding. Haar fisiese gestremdheid het haar nie verhinder om te skep nie; dit het haar inteendeel gehelp om 'n unieke visuele taal te ontwikkel wat mense se harte raak.

Haar lewe en werk is 'n kragtige bewys dat 'n fisiese gestremdheid nie die teenoorgestelde van kreatiwiteit is nie. Inteendeel, Maud Lewis wys dat beperkinge omskep kan word in 'n nuwe manier van sien – 'n visuele taal wat hoop, eenvoud en vreugde uitstraal.

Teen die middel van die 1960's het haar werk wyer aandag begin geniet. Haar skilderye het nasionale erkenning ontvang, en mense het van heinde en verre gekom om haar werk te sien en te koop. Alhoewel sy tydens haar leeftyd nooit finansieel voorspoedig was nie, leef haar nalatenskap vandag nog voort. Werke wat sy eens vir 'n paar dollar verkoop het, word nou vir groot bedrae opgeveil, en haar beskilderde huis word bewaar as deel van Kanada se kulturele erfenis.

Vir lesers wat meer oor Maud Lewis se lewe en kuns wil lees, is daar verskeie betroubare bronne beskikbaar. Die Art Gallery of Nova Scotia beskik oor 'n omvattende versameling van haar werk en dokumentasie oor haar lewe. Die Art Canada Institute bied diepgaande biografiese en kunshistoriese insigte, terwyl die rolprent *Maudie* (2016) haar lewensverhaal op 'n sensitiewe en toeganklike wyse uitbeeld. Boeke soos *Our Maud: The Life, Art and Legacy of Maud Lewis* deur Ray Cronin bied verdere verdieping vir belangstellendes.

Maud Lewis se lewe herinner ons daaraan dat ware kreatiwiteit nie deur fisiese beperkings gestuit kan word nie. Haar kuns bly 'n stille getuienis van geloof, volharding en die vermoë om lig te bring, selfs in die kleinste en eenvoudigste ruimtes.

(Ds Mariët Robbertze is leraar in Gemeente Kempten)

# Emeritaataanvaarding: Dr J Nel


**Dr Johan Nel se emeritaat is op 25 Januarie in Gemeente Bloemfontein-Wes saam met familie en vriende gevier.**

Dr Nel se vrou, Ilse, het tydens die diens orrel gespeel en hul dogter Carmi Viljoen ('n professionele violis), en hul seun, ds Werner Nel (NGK Klerksdorp), was teenwoordig. Dr Wouter van Wyk, 'n ou klasmaat van dr Nel het namens die Kommissie van die AKV die akte van emeritaat oorhandig. Predikante van die NHKA wat die geleentheid bygewoon het, het di Annelize Rossouw-Lombard, Ivan Katzke en Jaco Dreyer ingesluit. Ds Jan Lubbe, moderator van die NGK in die Vrystaat en Algemene Sinode, het 'n boodskap namens vriende en kollegas oorgedra.





# *In memoriam*: Ds JP Janse van Rensburg



**Die Kerk het met hartseer verneem van die afsterwe van ds JP Janse van Rensburg op 9 Februarie in die ouderdom van 63 jaar.**

Ds Paul Janse van Rensburg is op 12 April 1962 gebore en word op 28 November 1991 gelegitimeer na hy die grade BA en BD voltooi het. Hy is op 1 Januarie 1992 in Gemeente Allanridge georden en dien vanaf 1992 in Gemeente Clocolan. In 2000 studeer hy verder en aanvaar in 2003 'n beroep na Gemeente Primrose. Hy aanvaar emeritaat in 2018.

# Stoepstories: Snork

**Oupa Stoep**

**Angstige Anna van Anysspruit vra:** ***Beste Oupa Stoep, my eggenoot is nou al vir baie jare 'n ouderling in ons gemeente. Ons ouderlinge sit nog in die ouderlingsbanke en dis nou waar die moeilikheid begin. Ek is nie daar langs my dierbaarste man om hom in die ribbes te pomp as die slaperigheid hom tydens die erediens begin oorval en hy dan kliphard begin snork nie. Hy snork so erg dat die babas in die moederskamer begin huil, maar niemand doen iets daaraan nie. Die laaste ouderling wat gewaag het om aan my man se baadjie te pluk se vals tande is nou nog soek na my man vir hom 'n dwarsklap gegee het. Help asseblief!***

Beste Anna, vandag het jy by die regte adres uitgekom! Sien, Oupa is 'n snorker van formaat, soveel so dat Oupa al genader is om klasse op nagraadse vlak oor snork aan te bied. Oupa illustreer graag met 'n ware gebeurtenis. Oupa en 'n klomp vriende het tussen die duine op 'n Kalahari-plaas gekuier. Almal het in tente geslaap. Ná die eerste nag word Oupa wakker van 'n gewerskaf. Hy sien toe dat die persoon wat naaste aan hom geslaap het, sy goed opgepak het en, met sy koepeltent soos 'n skilpad se dop op sy rug, omtrent een kilometer verder die duine in koers gekies het. Hy het geoordeel dat hy daar buite die reikwydte van Oupa se snorkgeluide sou wees.

Nadat Oupa se snorkery tannie Oupa se derde stel oorpluisies tot stof verniel het, het sy aangedring dat Oupa professionele hulp soek. Dit was een van die beste dinge wat met Oupa gebeur het. Oupa is na 'n slaapkliniek waar hulle vasgestel het dat Oupa aan slaapapnee ly. Buiten die lawaai wat dit veroorsaak, hou hierdie toestand ook erge gesondheidsrisiko's in. Jou hele liggaam verkeer onder stres omdat hy nie genoeg suurstof kry nie omdat die snorker te min suurstof gedurende die nag inneem. Dit lei ook daartoe dat die snorker nie behoorlik rus nie en elke dag doodmoeg opstaan.

Eers toe die simptome aan Oupa verduidelik word, het hy besef watter geweldige impak dit op sy lewe gehad het. Gelukkig was daar vir Oupa raad. Hy is uitgereik met wat tannie Oupa sy snorkmasjien noem. Dis 'n masjien wat deur 'n masker op Oupa se gesig 'n konstante stroom lug blaas wat op een of ander wonderbaarlike manier die snorkery hokslaan. Dié masjien het letterlik Oupa se lewe verander. Nie alleen het Oupa weer die energie van 'n jong proponent nie, maar tannie Oupa is skielik baie meer liefderik omdat Oupa so geluidloos slaap.

Die masjien het nog ander voordele ook. Oupa gebruik dit as 'n dief afweringstelsel. As Oupa 'n geluid in die huis hoor, dan hou hy net 'n flitslig onder sy gesig met die masker op. Die diewe het al drie nuwe buitedeure gemaak soos hulle weggehardloop het na hulle dié gesig gesien het.

Oupa is ook bewus van die risiko's daaraan verbonde om met 'n snorkmasjien te slaap. Een van Oupa se vriende het ook so 'n masjien gekry en het syne op die mat langs die bed staangemaak omdat daar nie op die bedkassie tussen die Vicks, sy bril en die glas met sy valstande plek was nie.



Waarmee hy nie rekening gehou het nie, was dat die masjien toe reg langs Vlekkie, hul geliefde Jack Russel, se slaapplek gestaan en werk het. So was Vlekkie een aand erg winderig na die bakkie boontjiesop wat sy vir aandete gekry het. Dié winde is deur die snorkmasjien ingesuig, gekonsentreer en deur die geslote sisteem van die masker aan Oupa se vriend toegedien. Die vriend het glo na bewering vir twee weke kort-kort op die grond gespoeg.

So, liewe Anna, daar is hulp en raad vir jou man se snorkery. Kry vir hom 'n masjien, maar kyk tog mooi waar julle die masjien staanmaak!

Redakteur: Ds David Barnard. Subredakteur: Ds Etienne Fourie. Produksieredakteur: Mej Sanet du Plessis. Joernalis: Ds Iwana Kruger.
Redaksie: Ds Annami Cockeran, dr Hein Delport, ds Iwana Kruger, ds Dalene Lourens, ds Mariët Robbertze, ds Larry van der Walt, dr Wouter van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV).
Grafies: Mnr Hugo van Niekerk.
Administrasie: Mev Sarie Roux.
Uitgewer: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Posbus 2368, Pretoria 0001. Tel 012 322 8885, e-pos: boekwinkel@nhk.co.za, webblad: www.nhka.org
Drukkers: Seriti Printing, Pretoria. By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer ISSN 0259-949X.

*Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.*